Lief en Leed

Pieter Baard is weer ontslaan en ontvang versorging tuis. Bid dat Magda se kragte sal hou met sy versorging.

Connie Schafer het ‘n hartomleiding gehad. Sy is tuis maar nog moeg, ons vra dus u voorbidding dat haar kragte sal terugkeer.

Isabel Maartens se vader is opgeneem in die sorgsentrum by Heuweloord.

Brian Botha (60), het gesterf ons bid vir Audrey en sy kinders vir vrede.

Jeanette Kalp is weer ontslaan. Kom ons vra die Here om Hom asb. nog steeds oor haar te ontferm.

Elsie Calitz het kanker onderlede en ontvang behandeling.

Petro Hanekom het nou die regte dokter gekry en ons bid dat sy behandeling vir haar goed sal wees.

Dawina Zaayman se behandeling het begin, sy ontvang bestraling. Bid asb. steeds vir haar.

Pat Martens se dogter Karen, het ‘n hartklepvervanging ondergaan. Sy het bietjie komplikasies met haar longe. Ons bid dat sy vinnig sal herstel.

Ons loof die Here vir die nuwe huisouers van Huis Gideon. Martin en René Odendaal en hulle dogter, Olive wat vanjaar in matriek is.

David Francis het gesterf. Ons bid vir Louise en familie,mag hulle die Vader se troos in die tyd ervaar.

Petru Kruger gaan Maandag in vir ‘n heupoperasie. Dra haar aan die Here op vir gemoedsrus.

Louise Mostert se broer is ernstig siek en is in Unitas opgeneem, ons bid saam met haar vir sy genesing.

Corlia Horn gaan in Kaapstad studeer en trek die naweek af om saam met Janie te gaan inwoon. Mag haar studies suksesvol wees.

Ons is bly dat Emma Fitchat se elmboog herstel het nadat sy ‘n slegte val in Desember gehad het.

Die Aankondiger !

EREDIENS: 25 Januarie 2015

Prediker: Ds. Gideon du Toit

Skriflesing: Lukas 2:40-49

Tema: Jesus raak weg ... Besig met Sy Vader!

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Liedere: 215:1,4,5; 184:1-3; 209; Oorwinningslied; 599:1-3

Jeug: 18:00 **Rusoord: 17:00**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

God het ’n doel met ons lewens op hierdie geloofspad wat ons volg omdat ons in ’n verhouding met God leef.

GEBEDSVERSOEKE

Paulus roep uit: Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog, omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos ’n aangename geur. 2 Kor. 2:14-15 .

Laat ons voortdurend in voorbidding ons land se ekonomiese en politieke situasie voor die Here bring. Ons bid teen verdere voorvalle van geweld soos in Soweto losgebars het.

Ons vra dat daar aandag gegee sal word aan die toestande in Suid-Afrikaanse tronke. Mag bewaarders en personeel van die Korrektiewe Dienste bewaar word van aanranding. Ons bid dat sielkundiges met insig na mense sal luister. Mag rehabilitasieprogramme goeie vrugte afwerp.

Ons dink ook in gebed aan lede van ons polisiemag en weermag, asook aan hulle gesinne.

Bid vir Wolf Celliers in Madagaskar. Ons vra uitkoms vir die duisende daklose families na die onlangse silikoon. Vir die nuwe besending van vyfduisend Bybels. Asook Dolf se besoek aan Madagaskar in Februarie.

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

Deurkollekte : Instandhouding

Bruingeld vir Sending: vanaf 21/11/2012 is **R8969** al ingesamel. Mooi so!

Bybels is beskikbaar in die kombuis-area.

Marina Cox (opvolger van wyle Ds. Koos Beukes) van Evangelisasie - VGK is opsoek na ou Bybels enige taal en grote. Dit kan in die kantoor ingehandig word.

Die Wynveiling van 13 Februarie word verskuif na 27 Februarie
Ons vra skenkings van veral rooiwyn om op te veil. Kontak kerkkantoor as u kan help.

Omgee-Vroue
Op **Saterdag 7 Februarie om 9vm** word die eerste Omgee-Vroue Byeenkoms van 2015 in die kerksaal gehou. Erika Barnard van There4 Ministries Bedieninge gaan vir ons meer vertel van hulle werk met die vervolgde kerk deur te fokus op die huidige situasie vir Christene in Egipte en Irak. Dit behoort baie insiggewend te wees om meer van hierdie onderwerp te hoor. Almal (ook mans) word hartlik uitgenooi om hierdie aktuele bespreking by te woon.
Onthou ook solank van ons Gemeente-ete van **22 Feb 2015**. Meer inligting later.

Behuising gesoek
'n Betroubare Nutsman, in diens van die Parke-Aftreeoord, met meer as 10 jaar se wye ondervinding van algemene herstelwerk aan geboue, messelwerk, die lê van teëls, tuinmaak ens, is op soek na slaapplek vanaf Januarie 2015. Hy is bereid om na-ure van sy dienste af te staan en is selfs bereid om 'n billike tarief te betaal om vir die verskaffing van die huisvesting te vergoed. Callie Krynauw kan by 083 392 7664 gekontak word vir verdere besonderhede en om met die Nutsman te onderhandel.

BYBELSTUDIEGROEPE :

Maandag	15:00	Parkdal	Dinsdag	09:00	Noorde
				10:00	La Vie
Woensdag	09:00	Parkrand	Donderdag	09:00	Dienssentrum
	10:00	Tiny Krige		10:00	La Borie
	10:00	Lofdal		11:00	Protea

Omgee-Manne: Saterdagoggend 6:30 by die kerk

Baie geluk aan almal wat verjaar 25 - 31 Januarie

Werner	Bothma	01/25	664 4324	
Juan	Bouwer	01/25	0834521625	27834521625
Chris	Dreyer	01/25	664 6554	27825570627
Faan	Engelbrecht	01/25	664 2674	083 374 6997
Shane	Martin	01/25	0824917561	27844613288
Liam	Mostert	01/25	082 405 3853	
Jo	Roux	01/26	082 464 5788	27824645788
Cecilia	Bezuidenhout	01/27	664 3167	
Catharina	van Wyk	01/27	012 6442670	27722898657
Magdaleen	Heyns	01/28	0126442822	27828873504
Steve	Otto	01/28	012 664 6969	27829221903
Marie	Cockeram	01/29	082 811 4497	27828114497
Retha	Erasmus	01/29	664 4490	27716718887
Danie	Roux	01/29	664 2278	
Gert	Bothma	01/30	664 4324	27827770123
Jeandre	Claassens	01/30	0722087534	
Coenrad	Engelbrecht	01/30	043 740 2014	27834197841
Helena	Langenhoven	01/30	664 1935	27846570171
Johan	Van Der Colff	01/30	083 276 4462	27832764462
Alida	Van Der Walt	01/30	084 431 2144	
Alten	Van Niekerk	01/31	664 3179	

10de MAAND



Absa: NG Lyttelton-Noord,
Reknr: 600590243, Tak: 335045
Verwysing: 10de maand

Dankie aan almal wat reeds hul 10de maand dankoffer gegee het. Die Kerk het dit bitter nodig.